# MISDAAD | CRIME BULLETIN

Maart | March 2024

## A. Sekuriteitsaktiwiteite

Gedurende die maand het die JSRA Sekuriteitsbeamptes die volgende suksesse gehad:

’n Oproep en ’n WhatsApp-boodskap is op ’n Donderdagoggend vanaf ’n kliënt in die Karindal-omgewing ontvang. Sy het iemand gehoor skree om hulp. Die JSRA-voertuie het onmiddellik gereageer en die klaer in die Karindal-omgewing gevind. Die klaer het die voertuie ingelig dat hy van sy selfoon beroof is. Die verdagte se beskrywing is deurgegee aan die voertuie. Die JSRA beheerkamer het ook die kameras nagegaan en ‘n moontlike verdagte geïdentifiseer. Hy het van sy klere uitgetrek en op ’n erf in die omgewing gaan skuil. Die beheerkamer het die voertuie ingelig en die adresbesonderhede van waar die verdagte moontlik skuil deurgegee. Die verdagte is opgespoor op die erf en was ook nog in besit van die selfoon wat hy gesteel het. Die SAPD is gekontak. ‘n Kriminele saak is deur die klaer geopen en die verdagte is aan die SAPD oorhandig.

Verskeie klagtes is ontvang oor jongmense/kinders wat kattekwaad in die buurt gepleeg het. By een geleentheid in die Karindal-omgewing is die venster van ‘n woning met ‘n klip uitgegooi.
By ander geleenthede is daar eiers teen wonings se mure en motorhuisdeure gegooi. By van die voorvalle is van die kinders herken en is hulle ouers dienooreenkomstig ingelig.

’n Lid van die gemeenskap in die Simonswyk-omgewing het bystand versoek i.v.m. ‘n verdagte persoon wat in sy erf was. Die verdagte is deur die inwoner aangekeer en die JSRA-voertuie het bystand verleen. Die SAPD is gekontak en die klaer het ‘n kriminele saak van betreding geopen. Die verdagte is aan die SAPD oorhandig.

Die JSRA het ook ‘n klagte ontvang van ‘n besigheideienaar wat kla dat een van sy winkeltrollies deur drie persone geneem is. Die persone is met die winkeltrollie opgespoor. Die trollie is aan die eienaar terugbesorg en die verdagtes is gewaarsku. Geen saak is geopen nie.

Die JSRA-voertuig in Die Laan-omgewing het ’n verdagte persoon opgemerk wat hardloop met ‘n skootrekenaar. Hy het onmiddellik bystand gevra en die ander JSRA-voertuie en die Siti Interim SRA voertuig het bystand verleen. Die verdagte is aangekeer met die skootrekenaar en is verbind met ‘n diefstal uit ’n voertuig-saak in die Helderbergstraat-omgewing. Die eienaar van die voertuig is opgespoor en het ‘n kriminele saak van diefstal uit ’n voertuig geopen. Die verdagte is aan die SAPD oorhandig.

Die JSRA-voertuie het bystand verleen aan die Siti Interim SRA voertuig en die SAPD gehelp om ‘n verdagte voertuig met verdagtes op die h/v Ryneveld en Dorpstraat aan te keer. Die verdagtes was vermoedelik betrokke by die diefstal van selfone. Een van die persone in die voertuig is deur die SAPD gearresteer vir besit van vermoedelik gesteelde eiendom.

Die JSRA-voertuig wat Die Laan-omgewing patrolleer het bystand verleen aan sekuriteitsvennote wat ‘n verdagte in Die Laan gekry het wat ‘n perseel betree en vermoedelik eiendom op die perseel gesteel het. ‘n Saak van diefstal gewoon is geopen. Die verdagte is aan die SAPD oorhandig.

Die JSRA-voertuie het bystand verleen waar twee verdagtes opgemerk is wat vermoedelik betrokke was by diefstal uit ‘n voertuig in Noordwal-Wesstraat. Die verdagtes het weggehardloop met van die eiendom wat uit die voertuig gesteel is. Die sekuriteitsvoertuie het daarin geslaag om een van die verdagtes met van die moontlik

gesteelde eiendom vas te trek. Die eienaar van die voertuig is opgespoor, waarna hy die eiendom uitgeken het en 'n kriminele saak geopen het. Die verdagte is aan die SAPD oorhandig.

| Maart 2024 | | |
|---|---|---|
| **JSRA** | **Laan Area** | **Klagtes** |
| ± 142 | ± 100 | Verdagte persone (insluitend swerwers, bedelaars, smouse, ens.) |
| ± 25 | ± 5 | Verdagte voertuie |
| ± 46 | ± 10 | Oop hekke / motorhuisdeure / veiligheidsdeure / huisdeure |
| ± 11 | ± 10 | Verdagte aktiwiteite (blaf van honde, alarms, ens.) |
| ± 240 | ± 175 | Klagtes in totaal waaraan aandag gegee is. |
| Ander: Verlore/gevonde goedere, verlore honde, oop voertuie, sleutels in voertuie toegesluit, waterlekke, straatligte buite werking, mediese gevalle, brand, motorongelukke, huisbraak, diefstal gewoon, diefstal uit motor, verkeersoortredings, drink in die publiek, rusverstoring, ens. | | |

## B. Misdaadverslag

**Kontakmisdaad:**

| | |
|---|---|
| Moord / Poging tot Moord | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Huisroof | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Besigheidsroof | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Gewapende Roof met 'n vuurwapen | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Gewapende Roof met 'n ander wapen as 'n vuurwapen | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Roof Gewoon | Een voorval is onder die JSRA se aandag gebring.<br>'n Oproep en 'n whatsapp-boodskap is op 'n Donderdagoggend ontvang vanaf 'n kliënt in die Karindal-omgewing. Sy het iemand om hulp hoor skree. Die JSRA-voertuie het onmiddellik gereageer en die klaer in die Karindal-omgewing gevind, waarby die klaer die voertuie ingelig het dat hy van sy selfoon beroof is. Die verdagte se beskrywing is aan die voertuie deurgegee. Die JSRA beheerkamer het ook die kameras nagegaan en 'n moontlike verdagte geïdentifiseer. Hy het van sy klere uitgetrek en op 'n erf in die omgewing gaan skuil. Die beheerkamer het die voertuie ingelig en die adresbesonderhede van waar die verdagte moontlik skuil deurgegee. Die verdagte is op die erf gevind en was ook nog in besit van die selfoon wat hy geroof het. Die SAPD is gekontak. 'n Kriminele saak is deur die klaer geopen en die verdagte is aan die SAPD oorhandig. |

| | |
|---|---|
| Verkragting/Seksuele Aanranding | Die JSRA Beheerkamer het opgemerk dat daar twee persone by die leë huis van die munisipaliteit in die Simonswyk-omgewing ingaan. Die JSRA Beheerkamer het onmiddellik 'n voertuig uitgestuur wat afgekom het op twee persone wat seks beoefen het. Die persone is aangespreek en gewaarsku. Op daardie stadium is daar geen inligting deurgegee dat daar 'n moontlike verkragting was nie. Later is ons in kennis gestel dat daar 'n navraag geopen is van 'n moontlike verkragting deur een van die persone. Indien verdere inligting ontvang word dat dit nie verkragting was nie, sal dit van die data verwyder word en so gekommunikeer word in volgende maand se misdaadbulletin. |
| Openbare onsedelikheid | Geen voorval is aangemeld nie. |

**Eiendomsverwante misdaad:**

| | |
|---|---|
| Huisbraak | **JSRA-omgewing:**<br>Een huisbraak-saak is onder die JSRA se aandag gebring.<br>Die huisbraak het in die Simonswyk-omgewing op 'n Sondagoggend plaasgevind. Die verdagte het toegang tot die woning verkry (die deur was vermoedelik nie gesluit nie), 'n skootrekenaar en ander items geneem en gevlug.<br>**Die Laan-omgewing:**<br>Een huisbraak-saak is onder ons aandag gebring.<br>Die huisbraak het in die Die Laan-omgewing op'n Woensdagnag plaasgevind. Die verdagte/s het toegang tot die perseel verkry deur 'n venster oop te forseer. Die verdagtes het wynglase geneem en gevlug. |
| Diefstal van Motorvoertuig / Motorfiets | **JSRA-omgewing:**<br>Een diefstal van 'n voertuig is onder ons aandag gebring. Dit het op 'n Saterdag geddurende die dag in die Mosterstdrift-omgewing plaasgevind. Verdagtes onbekend. |
| Diefstal uit / vanaf 'n voertuig | **JSRA-omgewing:**<br>Daar is twee voorvalle onder ons aandag gebring.<br>Een van die voorvalle het op 'n Vrydagnag in die Mostertsdrift-omgewing plaasgevind. 'n Spaarwiel is vanaf 'n voertuig gesteel. Verdagtes onbekend.<br>Die ander voorval het op 'n Dinsdag in die vroeë oggendure in die Simonswyk-omgewing plaasgevind. Die kameras is nagegaan en twee verdagtes is opgemerk. Beeldmateriaal is gestoor vir verdere ondersoekdoeleindes.<br>**Die Laan-omgewing:**<br>Een diefstal uit 'n voertuig is onder die JSRA se aandag gebring.<br>Die voorval het op 'n Saterdag gedurende die dag in Die Laan-omgewing plaasgevind. Verdagtes onbekend. |
| Diefstal Gewoon | **JSRA-omgewing:**<br>Daar is twee voorvalle van diefstal gewoon onder die JSRA se aandag gebring. |

| | |
|---|---|
| | Een van die voorvalle het in Uniepark op ‘n Maandagoggend plaasgevind. Die verdagte is deur die inwoner gesien waar hy plante wou steel. Die klagte is aan die JSRA-voertuie deurgegee, wat onmiddellik gereageer en die verdagte gevind het. Die klaer het nie ‘n kriminele saak geopen nie. Die verdagte is gewaarsku en laat gaan.<br>Die JSRA het ook ‘n klagte ontvang van ‘n besigheidseienaar wat kla dat een van sy winkeltrollies deur drie persone geneem is. Die persone is met die trollie gevind. Die trollie is aan die eienaar teruggehandig. Geen kriminele saak is geopen nie en die verdagtes is gewaarsku en laat gaan.<br>**Die Laan-omgewing:**<br>Daar is twee voorvalle onder ons aandag gebring.<br>Die een voorval het op ‘n Sondagoggend in die Van Riebeeckstraat-omgewing plaasgevind. Die JSRA-voertuig wat Die Laan-omgewing patrolleer het bystand verleen aan ‘n sekuriteitsvennoot wat ‘n verdagte in Die Laan-omgewing gekry het wat ’n perseel betree en vermoedelik eiendom op die perseel gesteel het. ‘n Saak van diefstal gewoon is geopen. Die verdagte is aan die SAPD oorhandig.<br>Op ‘n Donderdag vroegoggend is ‘n klagte ontvang oor persone wat besig is om ’n stopteken in die De Vosstraat-omgewing los te wikkel. Met die aankoms van die sekuriteitsvoertuig was die stopteken reeds verwyder en die verdagtes reeds weg daarmee. |
| Bedrog | **JSRA-omgewing:**<br>Een bedrogsaak in die Mostertsdrift-omgewing is onder ons aandag gebring. Wees asb bedag as u aanlyn aankope en betalings doen. Moenie sonder om inligting te verifieer betalings maak nie. Maak seker alle inligting is korrek en nie vals nie.<br>**Die Laan-omgewing:**<br>Daar is twee voorvalle onder die JSRA se aandag gebring. Beide voorvalle het in die oggend in die Van Riebeeckstraat-omgewing plaasgevind. Die een voorval was op ‘n Sondag en die ander op ’n Vrydag.<br>In beide gevalle was die verdagtes geklee in swart klere met sekuriteitskentekens op. |

Die volgende sake is ook onder ons aandag gebring:

**JSRA-omgewing:**

Daar was ‘n voorval in die Hoërskool Stellenbosch-omgewing op 15 Mrt. tussen 12:20 en 12:45 waar 'n wit BMW met getinte vensters by ’n skolier gestop het. Die bestuurder van die voertuig het uitgeklim en die skolier het besluit om terug te hardloop in die skoolgronde. Die verdagte persoon het teruggeklim in die voertuig en weggejaag in die rigting van Merrimanlaan. Wees asb. bedag vir verdagte aktiwiteite en rapporteer dit onmiddellik aan die JSRA beheerkamer.

Twee voorvalle van aanranding gewoon is onder ons aandag gebring. Beide voorvalle het in die Jonkershoekvallei plaasgevind. By die een voorval is die verdagte aan die klaer bekend.

Sake van opsetlike saakbeskadiging is onder ons aandag gebring.
By die een voorval is 'n stopteken deur vermoedelik jong mense beskadig in 'n poging om dit te verwyder.
Verskeie klagtes is ontvang van jongmense/kinders wat kattekwaad in die buurt aanvang. By een geleentheid in die Karindal-omgewing is die venster van 'n woning met 'n klip uitgegooi.
By ander geleenthede is eiers teen wonings se mure en motorhuisdeure gegooi. Tydens die voorvalle is van die kinders herken en is hulle ouers dienooreenkomstig ingelig.

Daar is twee klagtes van betreding aan die JSRA sekuriteitsbeamptes deurgegee.
'n Lid van die gemeenskap in die Simonswyk-omgewing het bystand versoek i.v.m. 'n verdagte persoon wat sy erf betree het. Die verdagte is deur die inwoner aangekeer en die JSRA-voertuie het bystand verleen. Die SAPD is gekontak en die klaer het 'n kriminele saak van betreding geopen. Die verdagte is aan die SAPD oorhandig.
Die ander voorval het in die Jonkershoekvallei op 'n Dinsdagmiddag plaasgevind. Die saak gaan gepaard met 'n klagte van onwettige huisbesetting. Die moontlike verdagtes is gewaarsku en die eienaar van die perseel het voorsorg getref dat die woning nie weer onwettig beset of betree sal word nie.

## C. <u>Misdaad aangrensend aan die JSRA (nie JSRA-area nie)</u>

Wees asseblief op jou hoede as jy die volgende omgewings besoek.

| | |
|---|---|
| Winkelsentrum aangrensend aan die JSRA | Die JSRA het inligting ontvang dat 'n huishulp op 'n Woensdagmiddag by 'n winkelsentrum aangrensend aan Simonswyk beroof is nadat sy geld by 'n OTM by die winkelsentrum getrek het. Vyf B/M gewapen met vuurwapens het die dame by die ingang na die winkelsentrum op Helshoogtepad beroof van haar kruideniersware, selfoon en bankkaart. Die verdagtes het met 'n wit voertuig gery en die registrasie nommer het begin met CAA.<br>Sake van bedrog en diefstal gewoon is ook onder ons aandag gebring.<br>Wees asb. bedag by alle OTM's vir OTM-bedrog/roof. |
| Botmaskop/African Valley | Geen voorval is onder ons aandag gebring nie |
| Helshoogtepad | Sake van diefstal vanaf voertuie en betreding by die munisipale depo op die Helshoogtepad is onder ons aandag gebring.<br>Daar is ook 'n saak van gewapende roof met 'n ander wapen as 'n vuurwapen onder ons aandag gebring. Wees asb. bedag as jy in die area gaan fietsry, stap of draf. Rapporteer asb. verdagte aktiwiteite onmiddellik aan die JSRA beheerkamer. |
| Bergpad agter Coetzenburg \ Coetzenburg \| Suidwal \| Noordwal-Wes - omgewing | Verskeie sake van diefstal gewoon, diefstal uit/vanaf voertuie, diefstal van voertuie en besit van vermoedelik gesteelde eiendom is onder ons aandag gebring. Rapporteer asb. onmiddellik verdagte aktiwiteite aan die JSRA beheerkamer. |

| | |
|---|---|
| Jan Maraispark-omgewing | Geen voorval is onder ons aandag gebring nie. |

Wees asseblief bedag as jy hierdie omgewings besoek en MOENIE ALLEEN OF IN KLEIN GROEPIES gaan stap / draf / fietsry nie, maar gaan verkieslik in groot groepe. Wees ook bedag by alle OTM's wanneer jy geld trek.
Neem asb kennis dat Diefstal uit voertuie en Diefstal van voertuie in die Stellenbosch-omgewing toeneem.
Verwyder asb alle waardevolle items uit jou voertuig en maak seker dat jou voertuig gesluit is.
.

## D. Spesiale versoek en wenke

Inwoners word weereens versoek om asseblief alle sake by die SAPD aan te meld.

Daar word ook 'n baie ernstige beroep op inwoners gedoen om bedag te wees by alle OTM's. Indien enige ongerymdhede vermoed word, kanselleer onmiddellik die transaksie en indien jy nie jou kaart terugkry nie, kanselleer onmiddellik jou kaart by jou bank.

Wees asb. ook bedag vir verdagtes wat hulle voordoen as sekuriteitsbeamptes en eis dat inwoners / toeriste dagpasse of stappasse moet uitneem om in die strate te stap. Verdagtes is geklee in swart sekuriteitsuniforms en op die pet staan groot 'sekuriteit'. Rapporteer asb verdagte aktiwiteite onmiddellik!

**Maak asb. seker dat jy die regte nommer het vir die Jonkershoek SRA se beheerkamer:
JSRA BEHEERKAMER - 062 027 1601**

**Vriendelike groete
JSRA Bestuur**

## A. Security Activities

During the month the JSRA Security officers achieved the following successes:

We received a telephone call and a WhatsApp from a client in the Karindal area on a Thursday morning. She heard someone screaming for help. The JSRA vehicles immediately responded and found the complainant in the Karindal area. The complainant informed the JSRA officers that his cell phone was robbed. The JSRA vehicles were informed of the description of the suspect. The JSRA control room also reviewed the cameras and identified a possible suspect. The suspect took off some of his clothes and went hiding on a site in the area. The control room informed the vehicles of the address where the suspect could possibly hide. The suspect was found at the site and still had the cell phone in his possession. The SAPS was contacted. A criminal case was opened by the complainant and the suspect was handed over to the SAPS.

Several complaints were received of young people/children who were involved in mischief in the area. In one instance in the Karindal area a window of a house was broken when a stone was thrown at it.
At other occasions eggs were thrown against walls and garage doors. In certain instances the children were identified and the parents were informed accordingly.

In the Simonswyk area a member of the community requested support regarding a person who was trespassing on his premises. With support of the JSRA vehicles the suspect was caught by the complainant. The SAPS was informed and the complainant opened a criminal case of trespassing. The suspect was handed over to the SAPS.

The JSRA also received a complaint from a shop owner who claimed that one of his shopping trolleys was taken by three persons. The persons were found with the trolley. The trolley was returned to the shop owner and the suspects were warned. No case was opened.

An JSRA officer spotted a suspect running with a laptop in The Avenues area. He immediately requested support and the other JSRA vehicles and the Siti Interim SRA vehicle rendered support. The suspect was caught with the laptop and was linked to a theft out of a vehicle case in the Helderberg Street area. The owner of the vehicle was traced and he opened a criminal case of theft out of a vehicle. The suspect was handed over to the SAPS.

The JSRA vehicles rendered support to the Siti Interim SRA vehicle and the SAPS to catch a suspect vehicle with suspects in it on the corner of Ryneveld and Dorp Street. The suspects were presumably involved in the theft of cell phones. One of the passengers in the vehicle was arrested by the SAPS for being in possession of presumed stolen property.

The JSRA vehicle patrolling in The Avenues area rendered support to security partners who identified a person who entered a site in the Avenues area and presumably stole property at the site. A case of common robbery was opened and the suspect was handed over to the SAPS.

The JSRA vehicles rendered support when two suspects were observed who were presumably involved in theft out of a vehicle in Noordwal-Wes Street. The suspects fled with some of the items that were stolen from the vehicle. The security vehicles were successful in catching one of the suspects with some of the presumed stolen items. The owner of the vehicle was contacted, he identified the stolen items and a criminal case was opened. The suspect was handed over to the SAPS.

| **March 2024** | | |
|---|---|---|
| **JSRA** | **Avenues Area** | **Complaints** |
| ± 142 | ± 100 | Suspect persons (including wanderers, beggars, hawkers, etc.) |
| ± 25 | ± 5 | Suspect vehicles |
| ± 46 | ± 10 | Open gates / garage doors / safety doors / house doors |
| ± 11 | ± 10 | Suspicious activities (barking dogs, alarms, etc.) |
| ± 240 | ± 175 | Complaints in total to which attention was given. |
| Other: Lost/found goods, lost dogs, open vehicles, keys locked in vehicles, water leaks, street lights out of order, medical cases, fire, car accidents, house-breakings, common theft, theft from a car, etc. | | |

## B. <u>Crime report</u>

**Contact crime:**

| | |
|---|---|
| Murder / attempted murder | No incident reported. |
| House robbery | No incident reported. |
| Business robbery | No incident reported. |
| Armed robbery with a firearm | No incident reported. |
| Armed robbery with a weapon other than a firearm | No incident reported. |
| Common robbery | One incident was brought to the attention of the JSRA.<br>On a Thursday morning a telephone call and a WhatsApp were received from a client in the Karindal area. She heard someone screaming for help. The JSRA vehicles responded immediately and detected the complainant in the Karindal area. The complainant informed the JSRA officials that he was robbed of his cell phone. The description of the suspect was forwarded to the vehicles. The JSRA control room also scrutinised the cameras and identified a possible suspect. He took off some of his clothes and went on hiding in a site in the area. The control room informed the vehicles and sent them the address of the possible site. The suspect was found at the site and was still in possession of the stolen cell phone. The SAPS was contacted. A criminal case was opened by the complainant and the suspect was handed over to the SAPS. |

| | |
|---|---|
| Rape / sexual assault | The JSRA control room observed two people entering an empty house belonging to the municipality in the Simonswyk area. The JSRA control room immediately summoned a vehicle which came upon two persons who were having sex. The persons were reprimanded and warned. At that stage no information was provided that there was a possible incident of rape. We were later informed that information was received of a possible rape by one of the persons. If further information is received that it was not rape, the incident will be removed from the data and it will be reported as such in the following bulletin. |
| Public indecency | No incident reported. |

**Property related crime:**

| | |
|---|---|
| House-breaking | **JSRA area:**<br>One house-breaking case was brought to our attention.<br>The house-breaking occurred on a Sunday morning in the Simonswyk area. The suspect gained entry to the house (the door was probably not locked), a laptop and other items were stolen and the suspect fled.<br>**The Avenues area:**<br>One case of house-breaking was brought to our attention.<br>The house-breaking occurred on a Wednesday during the night in The Avenues. The suspect/s gained entry by forcing open a window. The suspects took wine glasses and fled. |
| Theft of motor vehicle / motor cycle | **JSRA area:**<br>One theft of a vehicle was reported to us. It occurred on a Saturday during the day in the Mostertsdrift area. Suspects unknown. |
| Theft from / out of a vehicle | **JSRA area:**<br>Two incidents were reported to us.<br>One of the incidents occurred on a Friday night in the Mostertsdrift area. A spare wheel was stolen from a vehicle. Suspects unknown.<br>The other incident occurred in the Simonswyk area in the early morning hours of a Tuesday. The cameras were scrutinised and two suspects were identified. The camera material was saved for further investigation purposes.<br>**The Avenues area:**<br>One case of theft from a vehicle was reported to us.<br>The incident occurred in The Avenues area on a Saturday during the day. Suspects unknown. |
| Theft general | **JSRA area:**<br>Two incidents of theft general were brought to our attention.<br>One of the incidents occurred on a Monday morning in the Uniepark area. The suspect was observed by the owner where he attempted to steal flowers. The complaint was forwarded to the vehicles which responded immediately and found |

| | |
|---|---|
| | the suspect. The complainant did not open a criminal case. The suspect was warned and allowed to go.<br>The JSRA also received a complaint from a shop owner who reported that a shopping trolley was taken by three persons. The persons were found with the trolley. The trolley was handed back to the shop owner. No criminal case was opened and the suspects were warned and allowed to go.<br>**The Avenues area:**<br>Two incidents were reported to us.<br>The one incident occurred on a Sunday morning in Van Riebeeck Street. The JSRA vehicle which patrols The Avenues area rendered support to a security partner who found a suspect who entered a site and presumably stole items at the site. A case of theft general was opened. The suspect was handed over to the SAPS.<br>A complaint was received on a Thursday in the early morning hours of persons who were trying to remove a stop sign in the De Vos Street area. On arrival of the security vehicle the stop sign was already removed and the suspects already left with it. |
| Fraud | **JSRA area:**<br>One incident of fraud in the Mostertsdrift area was brought to our attention. Please be on the alert when you do online shopping and online transactions. Never make payments without first verifying the information. Ensure that all information is correct and not false.<br>**The Avenues area:**<br>Two incidents were brought to our attention. Both incidents occurred in the morning in the Van Riebeeck Street area. One occurred on a Sunday and the other on a Friday.<br>In both instances the suspects were dressed in black clothes displaying security badges. |

The following cases were also brought to our attention:

**JSRA area:**

There was an incident in the Stellenbosch High School area on 15 March between 12:20 and 12:45 where a white BMW with tinted windows stop next to a school learner. The driver of the vehicle climbed out and the learner decided to run back into the school grounds. The suspect climbed back into the vehicle and raced away in the direction of Merriman Avenue. Please be on the alert for suspect activities and report them immediately to the JSRA control room.

Two incidents of common assault were brought to our attention. Both instances occurred in the Jonkershoek Valley. In one of the instances the suspect is known to the complainant.

Incidents of malicious damage to property were brought to our attention.
In one instance a stop sign was damaged by presumably young people attempting to remove it.

Several complaints were also received of young people/children who practised mischief in the area. In one instance in the Karindal area a window of a house was broken when a stone was thrown at it.
At other instances eggs were broken against the walls and garage doors of houses. In some instances children were recognised and their parents informed.

Two incidents of trespassing were reported to the JSRA security officers.
A member of the community in the Simonswyk area requested support concerning a suspect person on his premises. With the help of the security officers the suspect was caught by the resident. The SAPS was contacted and the complainant opened a formal case of trespassing. The suspect was handed over to the SAPS.
The other incident occurred in the Jonkershoek Valley on a Tuesday afternoon. The incident is linked to a complaint of unlawful house occupation. The presumed suspects were warned and the owner of the property took precautions to prevent a repetition of the incident.

## C. Crime in areas adjacent to the JSRA (not JSRA-area)

Please be on the alert when you visit the following areas.

| | |
|---|---|
| Shopping centre bordering the JSRA | The JSRA received information that a domestic worker who withdrew money at an ATM at the shopping centre bordering Simonswyk was robbed. Five B/M armed with firearms robbed the lady at the entrance to the shopping centre on Helshoogte Road of her groceries, cell phone and bank card. The suspects drove in a white vehicle with registration number starting with CAA.<br>Cases of fraud and common robbery were also reported to us.<br>Please be on the alert at all ATMs for ATM fraud/robbery. |
| Botmaskop/African Valley | No incident reported to us. |
| Helshoogte Road | Cases of theft from vehicles and trespassing at the municipal depot on Helshoogte Road were reported to us.<br>A case of theft with a weapon other than a firearm was also reported to us. Please be on the alert if you cycle / jog / hike in the area. Please report all suspicious activities without delay to the JSRA control room. |
| 'Bergpad' behind Coetzenburg \ Coetzenburg \| Suidwal-/ Noordwal-Wes area | Several cases of common robbery, theft from/out of a vehicle, theft of vehicles and possession of suspected stolen property were reported to us. Please report all suspicious activities without delay to the JSRA control room. |
| Jan Marais Park area | No incident reported to us. |

Please be on the alert when you visit these areas and NEVER GO ON YOUR OWN OR IN SMALL GROUPS when you hike / jog / cycle. You should preferably go in large groups.
Please also be on the alert at all ATMs when you withdraw money.

Please take note that theft from vehicles and theft of vehicles are increasing in the Stellenbosch area. Please remove all valuable items from your vehicle and make sure that your vehicle is locked.

**D. Special request and hints**

Residents are again requested to please report all cases to the SAPS.


Residents are also seriously requested to be on the alert at all ATMs. If any incongruity is suspected, immediately cancel the transaction. If your card is not returned, immediately cancel your card at your bank.

Also please be on the alert for suspects who pretend to be security officers and who demand that residents / tourists carry day passes or tourist passes in order to walk in the streets. Suspects are dressed in black security uniforms and on the cap 'Security' is written. Please immediately report suspicious activities.

**Please make sure that you have the correct telephone number of the Jonkershoek SRA control room:**
**JSRA CONTROL ROOM - 062 027 1601**


**Best regards**
**JSRA Management**


## JSRA - Misdaadgrafieke/ Crime Charts



# MISDAAD | CRIME BULLETIN

**Maart | March 2024**




Neem asb. kennis dat dit nie amptelike SAPD statistiek is nie, maar statistiek wat deur die JSRA bygehou word. (pogings ingesluit)
Please note that this is not official SAPS stats, but stats that have been compiled by the JSRA (including attempts).